**Kleinfontein Inwoners Vereniging**
OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS
**Adres: Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001**
**Web: kivgroep.co.za**
**E-pos:** kiv.kleinfontein@gmail.com

# PUBLIEKE KENNISGEWING

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

Dinsdag 18 Maart 2025

Kontak: Henk Celliers

Selfoon: +27 82 579 1363

e-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

Webwerf: kivgroep.co.za

## KA BESTUUR SE "VERHOOGDE ERFBELASTING VANAF SEPTEMBER 2024"

Die middag van 07 Maart 2025 het KA Bestuur 'n Publieke Kennisgewing na al die inwoners via die wyke gestuur waarin hulle dit gestel het dat die aangehegde dokument "die feite rondom bespiegelinge oor Kleinfontein se belastingpligtigheid teenoor Tshwane" bevat. In die dokument is verhoogde Erfbelasting getoon wat toegeskryf is aan die belasting kategorie wat verander is van "Agricultural" na "Non Permitted Use".

Die KIV versoek dus KA Bestuur om die Artikel 49 Kennisgewing wat op KA beteken was met die gewysigde eiendoms waardes, beskikbaar te stel aan al die inwoners. Verder moet KA Bestuur ook die gewysigde waardasierol toon wat aangeheg moet wees alvorens verhoogde erfbelasting gevorder mag word.

Die KIV se navrae het geen aanvullende waardasierol vir September 2024 opgelewer nie. Die KIV wil ook weet waarom KA Bestuur nie hierdie dokumentasie op enige tydstip aan die inwoners bekikbaar gestel het nie.

KA se erfbelasting is ‘n saak wat nie net KA Bestuur raak nie maar elke inwoner van Kleinfontein. Elke inwoner, beide huurders en aandeelhouers, word deur hierdie verhoogde erfbelasting geraak,  juis omdat die meeste inwoners nie hierdie verhoogde tariewe kan bekostig en ook ten volle bewus is dat KA en sy huidige bestuur ook nie oor die nodige fondse beskik om hierdie verhoogde uitgawes te betaal nie.

Die KIV verwag nog die groter skok wanneer die werklike verhoogde erfbelasting, volgens die 2025 – 2029 waardasierol, vanaf 01 Julie 2025 aan KA gefaktureer sal word. Die KIV stel alle inwoners ook in kennis dat ons ingelig is dat KA se huidige uitstaande erfbelasting reeds bykans R5mil beloop. Die KIV is dit aan die inwoners en veral die aandeelhouers verskuldig om die waarheid rondom hierdie aangeleentheid bekend te maak omdat KA Bestuur aanhou om die werklike feite aangaande KA se munisipale verpligtinge, te verswyg.

Ons hou u op hoogte.